# Sinoville Krisissentrum

# Protokol vir Bystanddiens aan GPF en SAPS

1. **Diensure**

   Die Krisissentrum kan ‘n **24-uur bystanddiens** lewer in die Sinoville SAPS gebied. Hierdie diens sluit in:

   - emosionele ondersteuning op **misdaadtonele** en/of by
   - **Krisissentrum**, of by
   - Montana Netcare Hospitaal.

2. **Opstel van bystandlys**

   ‘n Bestandlys word opgestel vir die volle maand en sal voorsien word aan die

   - GPF Victim Empowerment verkose lid,
   - GPF Sekretaresse/Sekretaris
   - Montana Netcare Hospitaal, 24 uur-Med, en
   - SAPS, Sinoville.

   Hierdie lys bevat die naam en telefoonnommer van die **spesifieke persoon** wat op bystand is vir **‘n spesifieke dag**, en kan direk uitgeroep word na die misdaadtoneel.

   Indien daar **geen antwoord** by die bystandpersoon se nommer is nie, kan Dr Pixie du Toit (083-265-9962) of Colleen Strauss (079 515 5586) geskakel word, wat dan sal reël vir ‘n ander bystandpersoon.

   Bystandslede wie se name op die Bystandlys verskyn, mag **nie lukraak uitgeroep** word nie, slegs die spesifieke persoon wat aangewys is vir ‘n spesifieke dag.

3. **Uitgaan na misdaadtonele**

   ‘n SKS berader sal uitgaan na ‘n misdaad- of ongelukstoneel **slegs** wanneer die polisie op die toneel is. Die berader kan uitgeroep word deur:

   - SAPS, Sinoville, of die
   - Sinoville GPF VE, of die
   - GPF Sektor beheerlid, asook
   - Montana Netcare Hospitaal, 24-uur Med

Om uitkenning op ‘n misdaadtoneel te vergemaklik sal die SKS berader ‘n **Krisissentrum ID-kaartjie** (met n foto) dra en/of ‘n **uitkennende T-hemp of baadjie** waarop die Krisissentrum se naam verskyn.

**<u>Redes waarom SKS bystand personeel slegs<br>uitgaan na tonele waar die polisie teenwoordig is:</u>**

3.1 Die SKS het nie magte om privaat eiendomme te betree, indien die polisie nie op die toneel is nie.

3.2 SAPS Sinoville en die SKS het ‘n **samewerkings** ooreenkoms, waaropvolgens:

- Dit die **Sinoville Polisie** se prerogatief is wie hulle op ‘n misdaadtoneel toelaat.

- SAPS, Sinoville is **bekend** met die beraders van SKS, **gemaklik** met hul werkswyse, en **verkies** om van hul beradingsdienste op misdaadtonele gebruik te maak.

- Die SKS is terselfdertyd die **amptelike** Victim Empowerment instansie van die Sinoville Polisie en word sodanig erken deur die departement van Safety and Security aan wie die SKS maandeliks skriftelik verslag oor hul werksaamhede lewer. Beamptes van laasgenoemde departement besoek gereeld die Sinoville Krisissentrum.

- Die SKS is ‘n **geregistreerde organisasie** by die die Dept van Welsyn en is **onderworpe** aan spesifieke reëls en regulasies. Hul dienslewering word voortdurend deur hierdie departement gemonitor om te verseker dat hulle binne hul mandaat, waarvolgens hulle geregistreer is, optree.

- Vanweë die Krisissentrum se registrasie by die Dept van Welsyn, **mag** die Krisissentrum **slegs** gebruik maak van vrywillige beraders wat by die Krisissentrum werksaam is, en onder die **Krisissentrum se mandaat geregistreer, opgelei en gemonitor word.**

- Na samesprekings met die Departement van Welsyn is die Krisissentrum in kennis gestel dat hulle nie buite-beraders mag “akkrediteer” indien laasgenoemdes nie deur die Krisissentrum gemonitor kan word nie. Dit staan egter die Sinoville Polisie vry om van ander beraders gebruik te maak, aangesien hulle jurisdiksie het oor wie hulle op ‘n misdaad toneel toelaat.

- SAPS, Sinoville, benodig soms beëdigde verklarings van SKS beraders wat op ‘n toneel was, en vanweë die noue samewerking tussen SAPS en SKS is dit maklik om die betrokke berader op te spoor en die addisionele inligting te bekom. Beraders werksaam by die Krisissentrum moet ‘n voorgeskrewe verslagvorm voltooi vir elke geval wat hanteer word en hierdie verslagvorms moet vir vyf (5) jaar gehou word.

- SKS beskik oor ‘n lys van plekke van veiligheid en is daar goeie samewerking tussen SAPS en SKS wanneer ‘n slagoffer in ‘n plek van veiligheid geplaas moet word, en SAPS die verantwoordelikheid het om die persoon af te voer.

- Kapt Verster het gemeld dat probleme in die verlede ontstaan het waar van buite-beraders gebruik gemaak is, maar dat laasgenoemdes dan nie in staat was om byvoorbeeld te reël dat ‘n slagoffer in ‘n shelter geplaas word en in die geval van minderjariges Kinderhofverrigtinge geopen word nie.

3.3 Die SKS het ‘n **samewerkingsooreenkoms** met verskeie ander organisasies onder andere die CMR, Dept van Welsyn, verskillende universiteite, Pretoria-Noord Streekshof, Pretoria Hooggeregshof, Direkteur van Openbare Vervolging, Departement van Justisie, Restorative Justive, Kinderkommissaris, Dept van Onderwys, Kerke en ander welsynorganisasies, Solidariteit, Verkragtingsklinieke by Steve Biko, Mamelodi, Pretoria-Noord, George Makure hospitaal, krisissentrums by ander Polisiestasies, asook laer- en hoërskole, en kan derhalwe ‘n **omvattende nasorgdiens** aan slagoffers van misdaad lewer.

3.4 Vrywillige beraders wat die **diens van die Sinoville Krisissentrum verlaat het**, mag nie namens die Krisissentrum misdaadtonele besoek nie. Die Krisissentrum ondervind ‘n **ernstige probleem** in dié verband, aangesien van hierdie beraders nie hul Krisissentrum ID-kaartjies of T-hemde met die Sentrum se naam op, terugbesorg het nadat hul die diens verlaat het nie.

Om dié probleem aan te spreek, sal die Polisie en GPF VE van ‘n **lys** voorsien word van **huidige beraders werksaam by die Krisissentrum**. Hierdie lys sal gereeld opgedateer word indien beraders ons diens verlaat. Die Polisie of GPF VE kan die berader se ID-kaartjie dan vergelyk met die naamlys wat aan

hul voorsien is. Indien hul enigsins twyfel, kan ‘n berader op ‘n misdaadtoneel se besonderhede ook **direk uitgeklaar** word met die Dr Pixie du Toit of Colleen Strauss.

## 4. Vervoer na Misdaadtonele

- Gedurende die dag (0600-18h00) van Maandag tot Sondag sal die berader op bystand met sy/haar persoonlike vervoer na ‘n misdaadtoneel gaan.

- Gedurende die aand/nag (18h00 – 06h00) van Maandag tot Sondag, sal die berader gebruik maak van polisie/GPF patrollie vervoer na- en van die toneel. Hierdie reëling is getref om die berader op bystand (hoofsaaklik vroue) snags te beveilig.

- Hierdie reëling geld slegs binne die Sinoville SAPS-area.

## 5. Spesifieke reëlings met betrekking tot sekere tipes gevalle

### 5.1 Selfmoord

Selfmoord moet **altyd** in ‘n ernstige lig beskou word. Elke geval moet op eie meriete beoordeel word.

Enkele riglyne in die verband:

- Die Polisie behoort in **alle gevalle** van dreigemente om selfmoord te pleeg, poging tot, of pleging van, uitgeroep te word.

- Wanneer die persoon **reeds sy/haar bewussyn verloor** het, maar nog leef, moet ‘n ambulans ontbied word sodat die persoon **onmiddelik mediese bystand** kan ontvang.

- Wanneer die persoon byvoorbeeld dreig om selfmoord te pleeg, en daar is ‘n **vuurwapen** (of ander gevaarlike wapen) beskikbaar, moet die polisie ontbied word, sodat die situasie **beveilig** kan word.

- Wanneer die persoon ‘n **geskiedenis het** van dreigemente en/of vorige pogings om selfmoord te pleeg, is die situasie **uiters riskant**, en behoort die persoon vir **ten minste 24 uur gehospitaliseer** te word en daarna onder die sorg van ‘n psigiater geplaas te word.

- Die SKS berader teenwoordig sal die situasie met die betrokke familie/lewensmaat bespreek waartydens hulle **ingelig** sal word oor die ernstige aard van die omstandighede en ‘n **aanbeveling** gedoen sal word dat die persoon gehospitaliseer word.

- Die besluit om die persoon te hospitaliseer al dan nie, en die dra van enige koste met betrekking tot die afvoer van die persoon na die hospitaal, en hospitalisasie per se, bly die verantwoordelikheid van die betrokke persoon/familie/lewensmaat.

- Indien die familie/lewensmaat besluit om **nie** die persoon te hospitaliseer nie, **verval die Krisissentrum se verantwoordelikheid** en rus die onus op die familie om dié persoon te beveilig. Die Krisissentrum kan slegs ‘n aanbeveling maak op grond van hul ervaring, en kan nie die familie dwing om die persoon te hospitaliseer nie.

- Die Krisissentrum is volgens wet verplig om verslae te hou oor elke geval wat hanteer word. In dié verslag word volledig aangeteken hoe die geval hanteer is, en watter aanbevelings gedoen is. Volledige verslaghouding van elke geval is noodsaaklik om die Krisissentrum teen moontlike vervolging te beskerm.

- Wanneer ‘n persoon dreig om selfmoord te pleeg, maar steeds by sy/haar volle positiewe is, kan hy/sy na Krisissentrum gebring word, waar ‘n evaluasie gedoen sal word om sy/haar **selfmoord-risiko te bepaal** en in samewerking met sy/haar familie/vriende ‘n besluit geneem sal word met betrekking tot sy/haar welsyn.

### 5.2 Gesinsgeweld

- Wanneer gesinsgeweld manifesteer en ‘n **vuurwapen(s)** of ander potensieël gevaarlike wapen(s) beskikbaar is, moet die polisie uitgeroep word, sodat die situasie beveilig kan word.

- Wanneer die persone betrokke by die gesinsgeweld onder die **invloed van drank- of dwelms/voorskrif-pille** is, moet die polisie ingryp indien hulle van mening is dat iemand se lewe in gevaar is.

- In bogenoemde twee gevalle, kan daar nie van ‘n berader verwag word om die situasie te beredder nie, aangesien persone onder die invloed van drank/dwelms

nie rasioneel dink nie, en derhalwe nie ontvanklik is vir berading nie. Terselfdertyd kan daar nie van ‘n berader verwag om ‘n toneel waar vuurwapens of ander gevaarlike wapens beskikbaar is, te betree nie.

- Wanneer gesinsgeweld voorkom (met of sonder die dreigement van ‘n vuurwapen of ander potensieël gevaarlike wapen) en **minderjarige kinders,** onder die ouderdom van 18 jaar**,** teenwoordig is, moet ‘n berader uitgeroep word (mits die polisie op die toneel is) en is dit die **plig van die berader** om te sorg dat daar in die **beste belang** van die minderjarige kind(kinders) opgetree word.

- Indien die berader van mening is dat die kind **beveilig moet word**, sal hy/sy die nodige reëlings tref (tydelik indien dit na-ure, naweke- of vakansiedae is) en andersins, onmiddellik die saak aanmeld by die Dept van Maatskaplike Dienste/CMR of ander organisasies wat in dié veld betrokke is.

**5.3 Haweloses**

Die Krisissentrum ervaar huidig ‘n probleem dat GPF patrollielede hawelose mense snags oplaai en na die Krisissentrum vervoer om reëlings te tref vir huisvesting. Let asseblief op die volgende:

- Die Krisissentrum se mandaat is om **slagoffers van misdaad** emosioneel en prakties te ondersteun.

- Haweloses op straat is ‘n suiwer **maatskaplike vraagstuk** en word haweloses (boemlaars) nie beskou as misdaadslagoffers nie.

- Die **uitsondering op die reël** is wanneer **kinders,** onder die ouderdom van 18 jaar**,** haweloos is. Die Krisissentrum beskou hawelose kinders as **slagoffers van hul lewensomstandighede** en is bereid om hulle in ‘n plek van veiligheid geplaas te kry.

**5.4 Bedelaars op Straathoeke**

Hierdie mense is die verantwoordelikheid van die Metro Social Crime Prevention Unit.

**5.5 Vermiste Persone**

‘n Berader kan uitgeroep word om die familie emosioneel te ondersteun. Dit is egter die verantwoordelikheid van SAPS om na die persoon te soek.

Bogenoemde protokol sal in werking tree sodra Sinoville SAPS, Sinoville GPF Uitvoerende Komitee en die Sinoville Krisissentrum Dagbestuur dit aanvaar.

**……………………………………………………………**

**Suid-Afrikaanse Polisiediens,  Sinoville**

**…………………………………………………………..**

**Sinoville GPF Uitvoerende Komitee**

**…………………………………………………………..**

**Sinoville Krisissentrum Dagbestuur**

**Datum: ……………………………………………**